



The miracles of science™

# AVAUNT®

Reg.No. L 6678 Act No. 36 of 1947

Reg.Nr. L 6678 Wet Nr. 36 van 1947

**A Suspension Concentrate  
stomach and contact insecticide  
for the control of various insect  
pests in cotton and maize.**

**'n Suspensie Konsentraat maag  
en kontak insekdoder vir die  
beheer van verskeie plae op  
katoen en mielies.**

<b>INSECTICIDE GROUP CODE</b>	<b>22</b>	<b>INSEKDODER GROEP KODE</b>
-------------------------------	-----------	------------------------------

**ACTIVE INGREDIENT**

Indoxacarb (Oxadiazine)

150 g/Litre

**AKTIEWE BESTANDDEEL**

Indoksakarb (Oksadiazien)

**Net Volume**

1 l

**Netto Volume**

**REGISTERED BY /  
GEREGISTREER DEUR:**

DUPONT DE NEMOURS INT S.A.  
Co.Reg.No. 81/008502/10  
P O BOX / POSBUS 3332  
HALFWAY HOUSE 1685  
Tel: (011) 654-8600

**24 HOUR/UUR EMERGENCY  
NUMBER/ NOODNOMMER:  
083 918 8003**

BATCH NUMBER  
DATE MANUFACTURED

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

LOTNOMMER  
DATUM VERVAARDIG

**UN No. / Nr. 3082**

**HARMFUL  
SKADELIK**

Copyright © 2005 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and AVAUNT® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

**‘n Suspensie Konsentraat maag - en kontakinsekdoder vir die beheer van verskeie plae in katoen en mielies.**

**Reg. Nr. L 6678 Wet Nr. 36 van 1947**

**SKADELIK**

**Aktiewe bestanddeel:**

**Indoksakarb 150 g/l SC**

**GEREGISTREER DEUR:**

DUPONT DE NEMOURS INT S.A.  
Co.Reg.No. 81/008502/10  
POSBUS 3332  
HALFWAY HOUSE 1685  
Tel: (011) 654-8600

## **WAARSKUWINGS:**

- **LAAT DIE VOLGENDE MINIMUM ONTHOUDINGSPERIODE VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES**

Mielies en suikermielies (beweiding)

28 dae

Mielies en suikermielies

3 dae

- Moet nie behandelde katoen beweï nie.
- Hanteer versigtig.
- Mag vel sensitering veroorsaak.
- Skadelik deur kontak of indien ingesluk of ingeasem word.
- Hierdie produk is giftig vir bye, vis en ander water organismes. (Sien Algemene Inligting - BYE op hierdie etiket)
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bêre in ‘n koel plek weg van voedsel en voer.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot oormatige residue of ander ongewenste resultate.
- HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree vir 1 dag na die bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- LUGTOEDIENING - Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van al die lande wat bespuit word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor wateroppervlakke spuit nie en tref voorsorg dat die spuitnewel nie water of aangrensende gebiede besoedel nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## **VOORSORGMATREËLS:**

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- **Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (oorpak, gesigskerm, rubberstewels, handskoene).**
- Was besoedelde klere daaglik.
- Vermoë kontak met oë, vel en klere.
- Was met baie seep en water onmiddellik na toevallige velkontak.
- In geval van oogkontak spoel onmiddellik met baie water.
- Trek klere en skoene onmiddellik uit indien dit gekontamineer word.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik.
- Raak ontslae van waswater waar dit nie weiding, voedsel of water kan besoedel nie.
- Keer leë houër om bo-oor spuitstank of mengstank en dreineer vir 30 sekondes totdat die vloeï tot 'n drup afgeneem het. Spoel daarna die leë houër drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houër en gooi die spoelinhoud terug in die spuitstank voordat die houër vernietig word op die voorgeskrewe metode.
- Vernietig die leë houër deur gate in te pers en plat te druk en moet vir geen ander doel gebruik nie.

## **WEERSTAND**

**AVAUNT®** is 'n groepkode 22 insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **AVAUNT®**, of enige ander groepkode 22 insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individueel uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **AVAUNT®** of enige ander groepkode 22 insekdoder beheer word nie.

### **Om weerstand teen insekdoders te vertraag:**

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

As gevolg van sy unieke wyse van werking is **AVAUNT®** geskik vir toediening waar weerstandsbestuur belangrik is. Terwyl daar nie tekens van bestandheid teen **AVAUNT®** is nie, sal die volgende riglyne die effektiewe lewensduur van die produk verleng:

1. Waar moontlik gebruik **AVAUNT®** in 'n afwisselende program met produkte uit ander chemiese klasse (karbamaat, piretroïed, organofosfaat en insekgroeiregulant).
2. Moet nie die maksimum aantal toedienings per seisoen met **AVAUNT®** (sien onder **Gebruiksaanwysings** op hierdie etiket) oorskry nie.
3. Monitor insekpopulasies en dien **AVAUNT®** toe volgens die aanbevelings op hierdie etiket wanneer lokale insekpopulasies ekonomiese drumpel waardes bereik het. Meer as een toediening mag nodig wees vir elke infestasië.

4. Volg die etiket aanwysings presies na vir toedieningshoeveelhede, spuitintervalle en die optimum tyd om **AVAUNT®** toe te dien.
5. **AVAUNT®** het 'n minimale impak op voordelige insekte en myte, wat 'n natuurlike vorm van plaagregulering bied en verlaag dus verder die risiko van bestandheid.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

### **ALGEMENE INLIGTING:**

AVAUNT® het 'n unieke werkwyse; Die produk blokkeer natrium-ioon indringing in senuweeselle, met die gevolglike verlamming en dood van die insek. Dood van die insek vind binne 1 - 2 dae plaas, met vinnige inhibisie van voeding (binne 2 - 8 ure).

AVAUNT® is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontakaksie). AVAUNT® dood larwes in alle stadiums van ontwikkeling.

AVAUNT® is in wese 'n lepidoptera spesifieke insekmiddel en is veilig vir die meeste voordelige insekte, insluitende roofmyte.

AVAUNT® is ook effektief in warm klimaatstoestande.

**BYE:** Indien **AVAUNT®** teen aanbevole dosisse onder normale veldtoestande toegedien word sal dit geen effek op heuningbye hê nie.

**REËNASTE EIENSKAPPE - AVAUNT®** sal, nadat die spuitmengsel op die teikengebied droog geword het, nie deur reën of besproeiing afgewas word nie en sulke toestande behoort dus geen invloed op die normale nawerking van die produk te hê nie.

### **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

### **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

**VERENIGBAARHEID** - Die verenigbaarheid van **AVAUNT®** is nog nie ten volle ondersoek nie. **AVAUNT®** is verenigbaar met Cypermethrin (Reg. Nr. L4069 Wet Nr. 36 van 1947), Polythrin (Reg. Nr. L5409 Wet Nr. 36 van 1947), Agral 90 (Reg. Nr. L2987 Wet Nr. 36 van 1947), H&R Crop Oil (Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947) en Agripon Super (Reg. Nr. L6126 Wet Nr. 36 van 1947). Vir meer inligting of in geval van onsekerheid kontak u naaste DuPont verteenwoordiger.



**NOTAS: EKONOMIESE DRUMPELWAARDES:**

**BOLWURM SPESIES IN KATOEN:**

Alle bespuitings is gebasseer op weeklikse (8-20 weke na opkoms) verkenning van 24 plante per 15 ha.

**Amerikaanse bollworm (*Helicoverpa armigera*):**

Eier drumpelwaarde: 12 per 24 plante

Larwe drumpelwaarde: 5 per 24 plante

**Rooibolworm (*Diparopsis custanea*) :**

Eier drumpelwaarde: 6 per 24 plante

Larwe drumpelwaarde: 2 per 24 plante

**Stekelbolworm (*Earias spp.* ):**

Larwe drumpelwaarde: 2 per 24 plante

**BLADSPRINGERS IN KATOEN:**

Begin bespuitings sodra twee bladspringers (volwassenes en/of onvolwassenes) per blaar voorkom.

GEWAS/PLAAG	TOEDININGSDOSIS	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>MIELIES (insluitend suikermielies)</b></p> <p>Stronkboorder (Larwes) (<i>Busseola fusca</i>)</p> <p>Sorghum stamboorder (Larwes) (<i>Chilo partellus</i>)</p> <p>Amerikaanse Bolwurm (Larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p style="text-align: center;"><b>ALGEHELE GRONDTOEDIENING:</b></p> <p>250mℓ/ha AVAUNT® + 250mℓ/ha cypermethrin + 0.5 ℓ/ha H&amp;R Crop Oil of Agripon Super of 225mℓ/ha Agral 90</p> <p style="text-align: center;"><b>RYTOEDIENING:</b></p> <p>2.5mℓ/100m plantry AVAUNT® + 2.5mℓ/100m plantry cypermethrin + 3.3mℓ/ 100m plantry H&amp;R Crop Oil of Agripon Super of 1.5mℓ/100m plantry Agral 90</p>	<p><b><u>DIEN AVAUNT® PLUS CYPERMETHRIN TENKMENGSELS VOORKOMEND OF AS VROEË KORREKTIEWE BEHANDELING TOE.</u></b></p> <p>Dien in 'n minimum van 450 liter spuitmengsel per hektaar toe. Dien oor die kelke van die plante toe en verseker deeglike bedekking van die loof. Vir optimum resultate moet toediening vroeg in die oggend plaasvind wanneer dou teenwoordig is. Die afwesigheid van reën binne 3 dae of besproeiing na toediening kan tot verlaagde beheer met <b>AVAUNT®</b> spuitmengsels lei. Water na afloop van toediening is nodig om die spuitmengsel in die kelke in te was.</p> <p>Dien 3 liter spuitmengsel per 100m plantry oor die kelke van die plante toe en verseker deeglike bedekking van die loof. Vir optimum resultate moet toediening vroeg in die oggend plaasvind wanneer dou teenwoordig is. Die afwesigheid van reën binne 3 dae of besproeiing na toediening kan tot verlaagde beheer met <b>AVAUNT®</b> spuitmengsels lei. Water na afloop van toediening is nodig om die spuitmengsel in die kelke in te was</p> <p><b>NB: Vir aanwysings vir die beheer van spesiek stronkboorder, stamboorder en Amerikaanse bolwurm met AVAUNT® plus cypermethrin tenkmengsels op mielies sien BELANGRIKE NOTAS hieronder.</b></p> <p>Onder toestande van herhaaldelike infestasië, dien AVAUNT® in 'n 10 –14 dae spuitprogram toe. Gebruik die korter spuitinterval wanneer die plaag infestasië druk hoog is, of wanneer die mielies vinnig groei.</p> <p>Moet nie 'n maksimum van 3 AVAUNT® toedienings per seisoen oorskry nie.</p> <p><b>NB: Moet nie AVAUNT® toedien op mielies wat onder droogte stremming verkeer nie. Larwes wat reeds in die kelk ingetoonel het sal nie met AVAUNT® spuitmengsels beheer word nie.</b></p>

GEWAS/PLAAG	TOEDININGSDOSIS	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
-------------	-----------------	-------------------------



<p><b>MIELIES (insluitend suikermielies)</b></p> <p>Stronkboorder (Larwes) (<i>Busseola fusca</i>)</p> <p>Sorghum stamboorder (Larwes) (<i>Chilo partellus</i>)</p> <p>Amerikaanse Bolwurm (Larwes) (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p><b>TOEDIENING MET SIRKELBESPROEIING STELSEL:</b></p> <p>250mℓ/ha AVAUNT® + 5 ℓ/ha H&amp;R Crop Oil of Agripon Super</p> <p>OF</p> <p>250mℓ/ha AVAUNT® + 250mℓ/ha cypermethrin + 5 ℓ/ha H&amp;R Crop Oil of Agripon Super</p>	<p><b><u>DIEN AVAUNT® OF AVAUNT® PLUS CYPERMETHRIN TENKMENGSELS VOORKOMEND, OF AS 'n VROEë KORREKTIEWE BEHANDELING TOE</u></b></p> <p><b>Maak seker dat die sirkelbesproeiing stelsel aan die volgende spesifikasies voldoen alvorens toediening begin:</b></p> <p>Die distribusie koëffisiënt van die sirkelbesproeiing stelsel moet &gt;90% wees en die sirkelbesproeiing stelsel moet nie meer as 5mm (50 000ℓ) per hektaar toedien teen maksimum spoed nie.</p> <p>Maak alle siwwe van die sirkelbesproeiing stelsel skoon voor toediening 'n aanvang neem. Kalibreer die inspuiting pomp van die sirkelbesproeiing stelsel volgens die tyd wat dit neem vir die sirkelbesproeiing stelsel om een sirkel te voltooi.</p> <p>Stel die sirkelbesproeiing stelsel op sy maksimum spoed on sodoende so min water as moontlik (nie meer as 5mm nie) per hektaar toe te dien.</p> <p>Meng die AVAUNT® en H&amp;R Crop Oil of Agripon Super vooraf in die toedieningstenk. Roer die spuitmengsel aanhoudend voor en tydens toediening.</p> <p>Spuit die AVAUNT® spuitmengsel in die hoof toevoerlyn van die sirkelbesproeiing stelsel in sodra die sirkelbesproeiing stelsel maksimum spoed bereik het. Merk die posisie in die land wanneer die spuitmengsel die verste end van die sirkelbesproeiing stelsel bereik het. Voltooi een volle sirkel vanaf laasgenoemde punt.</p> <p><b>NB: Vir aanwysings vir die beheer van spesifiek stronkboorder, stamboorder en Amerikaanse bolwurm met AVAUNT® plus cypermethrin tenkmengsels op mielies sien ook BELANGRIKE NOTAS hieronder.</b></p> <p>Onder toestande van herhaaldelike infestasië, dien AVAUNT® in 'n 10 –14 dae spuitprogram toe. Gebruik die korter spuitinterval wanneer die plaag infestasië druk hoog is, of wanneer die mielies vinnig groei.</p> <p>Moet nie 'n maksimum van 3 AVAUNT® toedienings per seisoen oorskry nie.</p> <p><b>NB: Moet nie AVAUNT® toedien op mielies wat onder droogte stremming verkeer nie. Larwes wat reeds in die kelk ingetoonel het sal nie met AVAUNT® spuitmengsels beheer word nie.</b></p>
---	---	---

**BELANGRIKE NOTAS VAN TOEPASSING OP STRONKBOORDER, STAMBOORDER EN AMERIKAANSE BOLWURM BEHEER MET AVAUNT® OF AVAUNT® PLUS CYPERMETHRIN TENKMENGSELS IN MIELIES:**

**Stronkboorder (*Busseola fusca*) larwes:**

**Kommersiële mielies:**

Dien voorkomend toe, of wanneer eiers op 5% van plante gevind word, of wanneer 10% van plante haelgat simptome op die mieliekelk, wat deur klein voedende larwes veroorsaak word, toon.

**Suikermielies:**

Dien voorkomend, of wanneer eierlegging begin of met die eerste tekens van haelgat simptome op die mieliekelk toe.

**NB: Toediening moet gedoen word voordat larwes na die stamme van mielieplante migreer en larwes moet kleiner as die 2<sup>de</sup> larf instar wees. Moet nie AVAUNT® toedien op mielies teen stronkboorder wanneer die pluim deur die vlagblaar omsluit word.**

**Sorghum stamboorder (*Chilo partellus*) larwes:**

**Kommersiële mielies:**

Dien voorkomend toe, of wanneer eiers op 2.5% van plante gevind word of 5% van plante haelgat simptome op die mieliekelk, wat deur klein voedende larwes veroorsaak word, toon.

**Suikermielies:**

Dien voorkomend, of wanneer eierlegging begin, of met die eerste tekens van haelgat simptome op die mieliekelk toe.

**NB: Toediening moet gedoen word voordat larwes na die stamme van mielieplante migreer en larwes moet kleiner as die 2<sup>de</sup> larf instar wees. Moet nie AVAUNT® toedien op mielies teen stronkboorder wanneer die pluim deur die vlagblaar omsluit word.**

**Amerikaanse Bolwurm (*Helicoverpa armigera*) larwes:**

**Kelkbesmetting:**

Dien toe soos vir stronkboorder (sien notas hierbo).

**Kopbesmetting:**

Dien toe wanneer eerste larwes op die baard waargeneem word tydens kopvorming. Larwes wat reeds diep binne in die baard of in die koppe in migreer het sal nie beheer word nie.

**ERKENNING VAN HANDELSMERKE:**

AGRAL 90 is die geregistreerde handelsmerk van Kynoch Agrochemicals h/a as Plaaskem (Pty) Ltd.  
H&R CROP OIL en APRIPON SUPER is geregistreerde handelmerke van H&R Global Special Product Sales (Pty) Ltd.

POLYTHRIN is die geregistreerde handelsmerk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd.